



# Story Power.

## Bring dit huis toe.


### Hoe om te begin: Deel 'n storie!

Die belangrikste ding om te doen wanneer jy vir kinders lees, is om dit te geniet, want as jy dit geniet, sal hulle leer dat lees 'n genotvolle aktiwiteit is. Daar is geen regte of verkeerde manier om vir kinders te lees nie, maar hier volg van ons wenke oor hoe om boeke te deel.

### Wanneer?

-  Deel stories op tye wanneer jou kinders dit maklik vind om rustig te raak, soos na badtyd of net voor hulle slaaptyd.
-  Jonger kinders, of kinders wat moeg is, vind dit dikwels moeilik om lang tye aaneen te konsentreer. Moet daarom nie te lank aanmekaar lees nie.

### Waar?

-  Vind 'n stil, gemaklike plek om te lees. Skakel alle rekenaars, TV's en radio's af!





### VERTEL VIR ONS JOU STORIE

Hoe het boeke en stories jou lewe en jou kinders se lewens beïnvloed? Het hulle jou gehelp om 'n moeilike situasie aan jou kind te verduidelik? Of het 'n gunstelingstorie jou kinders aangemoedig om te lees en hulle gehelp om beter te lees by die skool? Vertel vir ons op Facebook ([www.facebook.com/nalibaliSA](http://www.facebook.com/nalibaliSA)), of Twitter ([www.twitter.com/nalibaliSA](http://www.twitter.com/nalibaliSA)) deur die hutsmerker #StoryPower te gebruik, en ons kan moontlik in ons lees-vir-genot bylae of op ons webwerf sê hoe stories 'n impak op jou lewe gemaak het.


## Hoe?





 Sit naby mekaar sodat julle albei maklik die woorde en prente op die bladsy kan sien.


 Begin deur die naam van die skrywer (en illustreerder) te lees sodat kinders kan beseft dat boeke deur mense nes hulle geskep word!

 Lees met soveel uitdrukking moontlik – jou kinders sal dit waardeer!

 Vind maniere om hulle in die storie in te trek terwyl jy lees. Vra byvoorbeeld vir hulle wat hulle dink volgende gaan gebeur, bespreek een van die prente, of vra hulle om die bladsye vir jou om te blaai.

 Verdiep hulle begrip deur te vra: “Waarom herinner dit jou?”, “Waarom dink jy het sy dit gedoen?” en “Wat sou jy gedoen het?” Vrae soos hierdie help om ’n verband te trek tussen stories en kinders se lewens, en help hulle ontdek hoe stories werk.

 As jou kinders jou vra om ’n storie weer te lees ... en weer, doen dit! Hulle sal elke keer nuwe dinge oor die storie ontdek. Namate hulle die stories beter leer ken, kan jy hulle nou om saam met jou te lees.

 Moenie ophou om vir jou kinders te lees wanneer hulle self kan lees nie! Kies boeke wat moeiliker en ingewikkelder is as die boeke wat hulle op hul eie kan lees. Wanneer julle boeke met hoofstukke saam lees, lees een of twee hoofstukke elke dag, of vind ’n ander plek waar julle kan ophou lees en wat jou kinders môre sal laat vra na meer!



Besoek ons by: [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) | [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)  
[www.facebook.com/nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA) | [www.twitter.com/nalibaliSA](https://www.twitter.com/nalibaliSA)